



Verwysing 20170605-1651  
13/11/2  
Navrae: M Combrink

Asseseringsbestuursminuut: 0013/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Maniere waarop asseseringsonreëlmatighede tydens nasionale eksamens geminimaliseer kan word**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bedank alle prinsipale en opsieners vir die uitstekende manier waarop die 2016 Senior Sertifikaat-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4- en Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamens oor die algemeen afgeneem is.
2. 'n Paar onreëlmatighede het egter met die administrasie en bestuur van die eksamens in die eksamenlokale gepaard gegaan, waarna die eksamenuitslae van kandidate nietig verklaar is.
3. Die algemeenste onreëlmatighede was:
  - 3.1 kandidate wat met 'n selfoon tydens die skryf van 'n eksamen betrap is;
  - 3.2 kandidate wat die eksamenlokaal met sy/haar antwoordstel of bylae verlaat;
  - 3.3 kandidate wat met ongemagtigde materiaal (gewoonlik in 'n plastiekkoevert) by die eksamenlokaal ingegaan het, of met 'n elektroniese toestel betrap is; en
  - 3.4 kandidate wat betrap is terwyl hulle tydens 'n eksamen afkyk/afskryf.

4. Dit is belangrik dat die prinsipaal/sentrumbestuurder sy/haar kandidate deur die loop van die jaar oor die regulasies rakende die skryf van die eksterne eksamens aanspreek en sodoende die nagevolge van betrokkenheid by onreëlmatige gedrag tydens eksamens benadruk.
5. Onreëlmatighede wat amptenare insluit, is soos volg:
  - 5.1 prinsipale/sentrumbestuurders wat nie die besendings korrek ontvang en met die nodig sorg stoor nie;
  - 5.2 prinsipale/sentrumbestuurders wat nie die korrekte prosedure volg wanneer die vraestelle uit die instapkuis gehaal word nie, en daartoe lei dat die verkeerde boks vir die eksamensessie oopgemaak word;
  - 5.3 die verkeerde vraestel wat aan die kandidate uitgedeel word;
  - 5.4 prosedures ten opsigte van die veilige bewaring van die instapkuis se sleutel is verontagsaam.
6. Riglyne om die bovermelde onreëlmatighede te beteuel, asook moontlike sanksies rakende onreëlmatighede, word in hierdie minuut as **Bylae A** verskaf.
7. Prinsipale/sentrumbestuurders van inrigtings wat kandidate vir die skryf van die NSS-eksamens voorberei, word versoek om die riglyne in Bylae A in ag te neem en alle graad 12-leerders van die inhoud van hierdie minuut in kennis te stel.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-08-24